

**Vrydag 7 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:23-25  
(1983-vertaling)**

**Die lewende Woord skep nuwe lewe wat in moeilike omstandighede uitgeleef moet word**

Petrus se lesers kry elke dag bitter swaar: hulle word deur almal in hulle samelewing verontreg en omdat hulle gelowiges is, word daar teen hulle gediskrimineer. Nou kry hulle weer die versekering: hulle is nuwe mense, wedergebore, en daarom het hulle 'n lewende hoop (1:3). Hoe verganklik die menslike natuur ook al is, aan gelowiges word onverganklike, ewige lewe gegee deur die Gees se kragtige werking deur die Woord.

Ons is wedergebore deur die opstanding van Christus uit die dood (1:3). Christus se opstanding is die bron van die wedergeboorte waaruit die Heilige Gees deur middel van die Woord die nuwe lewe in ons harte instort. Die Woord is lewend en bly vir ewig en niks kan sy uitwerking verhinder nie.

Die Woord van God is 'n saad wat lewe en werk, wat skep en herskep (1:23). Die saad van die Woord is onverganklik, want dit kom uit God se hart en mond. Die Woord laat mense wat dit hoor, nooit dieselfde bly nie. Die Woord is altyd werksaam: óf tot die lewe óf tot die dood. Wie deur die Woord aangegryp word, se lewe word voortdurend daardeur gevorm en vernuwe.

Die Woord is deel van die gelowige se lewe: hulle ken dit en kan daaruit lewe, wat die omstandighede ook al mag wees, of dit erge verontregting of diskriminasie mag wees. Ons is so begenadig omdat ons die nuwe lewe en die lewende Woord ontvang het. Daarom eis die Heilige Gees in hierdie gedeelte dat ons hele manier van lewe heilig moet wees en Christus in sy gesindheid, woorde en optrede moet navolg (1:15).

Ons word deur die Woord beweeg om in eerbid vir God te lewe terwyl ons hier lewe (1:17). Die Woord oortuig ons om mekaar van harte en vurig lief te hê (1:22).

*Sing: Psalm 119-2:22*

*Prof. BJ de Klerk (Ben) (Emeritus)*